

'N EWEWIG- OF 'N KONFLIKMODEL OM DIE SUID-
AFRIKAANSE SITUASIE TE INTERPRETEER?

Ek wil vandag graag iets sê oor die "sieninge" of modelle of teorieë wat ons in die Ekonomie gebruik. Oor een saak kan daar geen twyfel bestaan nie en dit is dat ons almal - selfs al staan ons ook met albei ons voete in die sg. praktyk - 'n "siening" daarop nahou. Die ekonomiese werklikheid waarmee ons ons besig hou en waarop ons kommentaar lewer, is so gekompliseerd dat ons dit moet vereenvoudig, ons moet een of ander model of konstruksie daarop plaas om dit "deursigtig" of verstaanbaar te maak. Keynes het hierdie noodwendigheid kernagtig saamgevat in daardie merkwadige sin wat op die tweede laaste bladsy van sy General Theory verskyn:

"Practical men, who believe themselves to be quite exempt from any intellectual influence, are usually the slaves of some defunct economist."

Almal van ons - ongeag of ons in 'n akademiese ivoortoring sit of in die harde werklikheid staan - bedien ons dus met 'n "siening" oor hoe 'n ekonomie daar uit sien en hoe dit werk. Almal van ons plaas een of ander konstruksie op die werklikheid. Ons het dus 'n bepaalde werklikheidsbeskouing. Die persoon - of die skool van denke - wie se model of konstruksie die meeste waarheidsgetrou is, sal hopelik die mees waardevolle kommentaar oor die ekonomie en hopelik ook oor beleidsaangeleenthede kan lewer. Dit is dus noodsaaklik dat almal wat kommentaar lewer oor die ekonomie hulle voortdurend krities sal verantwoord oor die soort model waarmee hulle (bewus of onbewus) bedien. Indien mens dit nie doen nie, kan mens maklik die slagoffer word van allerhande mites en wensdenkery oor hoe die ekonomiese stelsel werk en wat die gewenste ekonomiese beleid is.

In die Geskiedenis van Ekonomiese Denke bestaan 'n groot verskeidenheid van teorieë of modelle omtrent die werking van 'n moderne geïndustrialiseerde ekonomie. Hierdie teorieë kan gegroepeer word in 'n aantal skole van ekonomiese denke. Indien 'n mens al die verskillende teorieë of modelle vanuit 'n baie oorsigtelike perspektief bekyk, kan 'n mens al die teorieë of modelle in twee breë kategorieë indeel, en die twee kategorieë respektiewelik ewewig- en konflikmodelle noem.

Diegene wat 'n ewewigmodel of konstruksie op die werklikheid plaas, beweer dat daar middelpuntsoekende kragte in die ekonomie werksaam is wat neig na 'n toestand van ewewig of harmonie. Só bv. bedien die voorstanders van 'n

Vrye Markekonomie hulle met 'n tipiese ewewigmodel. Die sg. "freemarketeers" beweer dat daar kragte (of potensieële kragte wat net die kans gegun moet word) in die markmeganisme werkzaam is om die partikuliere belange van individue en groepe van individue enersyds die algemene belang andersyds saam te snoer tot 'n toestand van ewewig en harmonie. D.w.s. in so 'n (ewewigtige) markekonomie bevorder individue deur hulle vrye en ongebonde optrede nie alleen hulle eie partikuliere (selfsugtige) belange nie, maar outomaties ook die belange van die gemeenskap as geheel. Diegene wat 'n ewewigmodel op die werklikheid "pas", is daarvan oortuig dat die middelpuntsoekende kragte altyd sterker is as die middelpuntvlietende kragte.

Daardie ekonomiese denkskole wat hulle met konflikmodelle bedien, is daarenteen van mening dat die middelpuntvlietende kragte sterker of potensieël sterker is as die middelpuntsoekende kragte. Diegene wat 'n konflikmodel gebruik, is steeds bekommerd oor die vermoë van die bestaande instellings en organisasievorms (soos bv. die markmeganisme) om 'n bevredigende en blywende versoening tussen die botsende belange van individue en groepe van individue enersyds, en die algemene belang andersyds te bewerkstellig. In 'n konflikmodel word nie alleen die ongelyke magskonsentrasie in die ekonomie en die politiek beklemtoon nie, maar ook die gevaar dat diegene wat oor sodanige magsposisies beskik dit kan gebruik of misbruik ten koste van die belange en die stabiliteit van die gemeenskap oor veral die langer termyn.

Na aanleiding van hierdie twee kategorieë van ekonomiese teorieë of modelle, ontstaan die interessante vraag welke een van hierdie modelle ons op die Suid-Afrikaanse situasie moet "pas". Is dit realisties of redelik "waarheidsgetrou" om die S.A. situasie in terme van 'n tipiese ewewigmodel te interpreteer en om hardnekkig gevolgtrekkings en beleidsimplikasies te maak wat net in terme van 'n ewewigmodel gemaak kan word? Of het ons geen ander keuse as om onomwonde te erken dat ons in S.A. met 'n konflik of potensieële konfliksituasie te make het en dat ons slegs tot realistiese en "werkbare" gevolgtrekkings kan kom as ons van meet af die Suid-Afrikaanse situasie in terme van 'n konflikmodel interpreteer nie? Die antwoord op hierdie vrage kan na my mening van deurslaggewende belang blyk te wees. Alhoewel ons die vraag oor welke een van die twee modelle die beste in die Suid-Afrikaanse situasie "pas" nie vandag hier kan uitmaak nie, wil ek tog 'n paar opmerkings daarvoor maak en my keuse aan die orde stel.

Indien 'n mens net die moderne sektor in Suid-Afrika sou oorweeg en net die korttermyn implikasie in ag neem, veronderstel dat net burgerstandwaardes van toepassing is en dat die politieke parameters nie gaan verskuif

nie, kan 'n mens miskien tot die gevolgtrekking kom dat ons met 'n ewewig-situasie in S.A. te make het - ofte wel dat die S.A. situasie in terme van 'n ewewigmodel geïnterpreteer kan word. Die voorstanders van 'n redelik ongebreidelde vrye marke ekonomie gaan klaarblyklik van bogenoemde veronderstellings uit. Die vryemarkmodel is 'n tipiese ewewigmodel en die Suid-Afrikaanse situasie kan na my mening net as 'n ewewigsituasie beskou word as bogenoemde veronderstellings geld. Dit is na my mening egter nie realisties om van bogenoemde veronderstellings uit te gaan nie.

Indien ons nie net die moderne sektor nie, maar die hele Suid-Afrikaanse ekonomie in ag neem, indien ons let op die groot aantal en goedgeorganiseerde en goedgeïnstitusionele magsgroepe in S.A., in verrekening bring, indien ons let op die moontlike verloop van sake oor die langer termyn, indien ons besef dat daar ook ander waardes as burgerstandwaardes in die gemeenskap operasioneel is en indien ons veronderstel dat die politieke parameters beslis gaan verskuif, dan kan ons na my mening tot geen ander gevolgtrekking kom as dat ons in Suid-Afrika met 'n konflik situasie of 'n potensiële konflik situasie te make het nie. In ons teoretiese siening van die Suid-Afrikaanse situasie moet ons na my mening rekening hou met die moontlikheid dat die middelpuntvlietende kragte sterker is of potensiël sterker is as die middelpuntsoekende kragte en dat alle institusionele aanpassings en alle beleidsaanpassings daarop bereken moet wees om hierdie potensiële konflik situasie so goed as moontlik te akkommodeer of te beheer. Wanneer ek beweer dat ons in Suid-Afrika met 'n konflik- of 'n potensiële konflik situasie te make het dan geld dit nie net vir vandag en môre nie. Oor dertig jaar sal S.A. na alle waarskynlikheid nog altyd 'n konflik- of 'n potensiële konflik situasie wees en sal dit steeds moeilik wees om 'n bevredigende en 'n blywende versoening tussen die partikuliere belange van individue en groepe van individue en die algemene belang te bewerkstellig.

Die geskiedenis leer ons dat wanneer ons met 'n werklike of 'n vermeende konflik situasie te make het, so 'n situasie gewoonlik hoogs gepolitiseer word - d.w.s. daar word gepoog om die situasie deur middel van politieke ingryping te stabiliseer. Die feit dat die Suid-Afrikaanse situasie tot 'n redelike hoë mate gepolitiseer is, verbaas my geensins nie.

Of, anders gestel, die groot mate van politieke bemoeïing wat ons in Suid-Afrika het, is na my mening geoorloof en funksioneel vanweë die potensiële konflik situasie waarin ons ons bevind. Net soos ons oor dertig jaar na alle waarskynlikheid nog altyd in 'n potensiële konflik situasie sal verkeer, net so sal die Suid-Afrikaanse ekonomie na dertig jaar nog altyd hoog gepolitiseer wees met die een moontlike belangrike verskil dat die

politieke magsverspreiding dan aansienlik anders mag lyk as wat op die oomblik die geval is.

Wanneer ek sê dat die Suid-Afrikaanse situasie redelik hoog gepolitiseer is, dan is dit belangrik om tussen verskillende fasette daarvan te onderskei. 'n Eerste faset daarvan is die groot mate van reëls en regulasies en wetlike voorskrifte. Ek aanvaar dat daar algemene instemming is dat die Suid-Afrikaanse situasie "oorgereguleer" is en dat te veel aangeleenthede nog aan "administratiewe besluitneming" onderworpe is. Daar bestaan ongetwyfeld nog 'n groot behoefte aan 'n verdere rasionalisering van die openbare sektor om van die oormaat van rompslomp en burokratiese ondoeltreffendheid ontslae te raak. (Ek was nog altyd van mening dat ^{indien} ons al die energie wat gebruik is om die vrye markidee te propageer eerder gebruik om die rol van die openbare sektor te omskryf en te rasionaliseer, ons vandag beter af sou gewees het as wat ons is).

'n Tweede faset van die gepolitiseerdheid van die S. Afrikaanse situasie is die owerheid se deelname aan die ekonomie, deur middel van openbare korporasies en in andere. Hieroor wil ek vandag niks sê nie.

'n Derde faset van die politisering wat ons beslis nie mag misyk nie, is die bestaan van 'n groot aantal goedgeorganiseerde en goedgeïnstitusionele pressiegroepe. Indien 'n mens die Suid-Afrikaanse ekonomie wil depolitiseer - soos wat die Freemarketeers blykbaar wil doen - dan sal die proses van depolitisering net volledig voltooi wees as ons die Suid-Afrikaanse ekonomie terselfdertyd ook de-institusioneleer - d.w.s. as ons al die pressiegroepe tot niet kan maak. 'n Sodanige de-institusionelelising van die ekonomie is klaarblyklik nie moontlik nie. Ons moet dus aanvaar dat die Suid-Afrikaanse ekonomie nie gedepolitiseer kan word nie. Dit is gevolglik nie moontlik om aan die pleidooi van die Freemarketeers te voldoen nie.

Wanneer 'n mens jou begin verantwoord oor die strukturele aanpassings wat in die volgende dekade of twee op politieke én op ekonomiese gebied gemaak sal moet word, dan word dit blykbaar soveel te meer belangrik om die Suid-Afrikaanse situasie eerder in terme van die perspektief van 'n konflik as 'n ewewigmodel te interpreteer. In terme van 'n konflikmodel is dit maklik om te sien dat die hoë eise wat partikuliere pressiegroepe nou reeds stel, in tydperke van strukturele aanpassings soveel moeiliker hanteerbaar gaan word en dat hierdie pressiegroepe inderdaad oor die potensiaal beskik

om die potensiële konfliktsituasie in 'n werklike konfliktsituasie te laat ontaard. Of, anders gestel, die strukturele aanpassings wat vir ons voorlê, gaan hoë eise aan ons almal stel en indien die partikuliere pressiegroepe nie bereid gaan wees om hulle eise af te skaal nie (veral in die strukturele oorgangsjare), kan die situasie maklik in 'n zerosomspel ontaard. Mnr.

X en Dr. Y het gister gesê dat die goeie jaar wat X-mense en Y-mense onderskeidelik in 1980 ondervind het, slegs die twee groepe in die "gelyk" gestel het na die moeilike jare wat 1980 voorafgegaan het. Ons sal na my mening moet rekening hou met die moontlikheid dat daar nie weer 'n 1980 sal wees nie - dat daar dalk nie weer 'n jaar sal wees waarin groepe "gelyk" gestel kan word ná swaar jare nie. Indien die groot getal pressiegroepe nie hierdie "harde waarheid" wil aanvaar nie, kan ons maklik in 'n zerosomspel beland. Die soort struktuurveranderinge wat op ekonomiese en politieke gebied aangebring sal moet word, gaan blykbaar verg dat blanke lewenstandaarde in die volgende dekade of twee geleidelik afgeskaal sal moet word. Dit gaan uiteraard geen maklike taak wees nie.

Na alles wat ek sover gesê het, is dit miskien gepas om nogeens na die vrye-markretoriek terug te keer. Gegewe die konflik of potensiële konflik-situasie waarin ons verkeer en gegewe die soort struktuurveranderinge wat ons moet ondergaan, is die oormaat van vrye mark retoriek na my mening heeltemal onvanpas. Al sou ons mekaar ook hoeveelmaal probeer oortuig dat Suid-Afrika 'n vrye markeconomie het of behoort te hê, en al sou ons ook watter geloof hê in die vermoë van markkragte om ewewig en harmonie te bewerkstellig, sal dit na my mening geen duit verander aan die potensiële konflik wat in ons situasie verskuil is nie. Inteendeel. Die dogmatiese geloof in 'n vrye markeconomie kan eerder kontraproduktief blyk te wees.

Wat my betref, bestaan daar eenvoudig nie 'n vrye markeconomie in Suid-Afrika nie en kan daar ook nie so 'n ekonomie "geskep" word nie. Die vrye-mark-ekonomie het in S.A. net 'n mitologiese bestaan. Hiermee wil ek nie sê dat ons nie van die markmeganisme en van die private sektor gebruik moet maak nie. In soverre die markmeganisme en ekonomiese groei middelpuntsoekende kragte blyk te wees, moet ons beslis daarvan gebruik maak en dit vertroetel. Arthur Okun het dit kernagtig uitgedruk in die volgende sin: "The market needs a place and the market needs to be kept in its place." Dit geld ook vir Suid-Afrika. Maar vanweë die potensiële konflik in die Suid-Afrikaanse situasie en vanweë die ongelyke magsverspreiding moet die "mark" in ons geval in 'n relatief groot mate op sy "plek" gehou word!

Ek is van mening dat ons in ons beleidsuitsprake en -optredes minder aandag behoort te gee aan die herstel van die mitologiese of fiktiewe markkragte. Vanweë die hoogs gepolitiseerde karakter van ons ekonomie en die groot rol wat die pressiegroepe speel, is dit in elk geval nie moontlik om die "vrye markkragte in die ware sin van die woord in ere te herstel nie. Ons moet na my mening eerder 'n studie begin maak van die wyse waarop pressiegroepe opereer en dikwels met irrasionele eise slaag en daardeur hulle korttermyn seksionele belange bevorder ten koste van die langtermyn algemene belang.

Of ons dit nou wil weet of nie, ons sal eenvoudig in die rigting van 'n meer beplande ekonomie moet beweeg - d.w.s. na 'n ekonomie waarin die besluite oor die gang van die ekonomie so eksplisiet, so gekoördineerd en so rasioneel as moontlik geneem kan word. As ons die "siening" of die model aanvaar dat S.A. in 'n konflik of 'n potensiële konflik situasie verkeer, kan ons in alle erns begin om organisatoriese strukture en besluitnemingsprosesse te skep wat meer rasionele besluite sal oplewer. Ek beseft dat dit geen maklike taak sal wees nie. Ek ag dit egter belangrik dat ons die probleem reg moet identifiseer en wat my betref is ons probleem daarin geleë dat ons ons in 'n konflik of in 'n potensiële konflik situasie bevind.

Wanneer ek pleit dat ons strukture moet skep wat tot meer rasionele besluite sal lei, dan gebruik ek die woord rasioneel in 'n funksionele verband en wel in 'n dubbele funksionele verband.

Eerstens moet ons besluite funksioneel wees om die potensiële konflik in ons situasie so goed as moontlik te ontloot; om die middelpuntvlietende kragte so goed as moontlik in toom te hou; om 'n dissipline te skep wat die ekonomie en die politiek nie in 'n zerosomspel sal ^{laat} ontaard nie - selfs ook nie al sou ons chronies in 'n toestand van laagkonjunktuur beland.

Tweedens moet die besluitnemingsproses funksioneel wees om 'n sodanige trade-off tussen botsende doelstellings te bewerkstellig ^{so} dat die sosiale welvaart van die bevolking as geheel gemaksimiseer kan word. In die riglyne vir Ekonomiese Strategie wat verlede jaar deur die Paneel en deur hierdie Raad goedgekeur is, was daar instemming dat die hoogs moontlike welvaart die oorkoepelende nasionale doelstelling is en behoort te wees. Die vraag wat ons ons moet afvra, is of ons bestaande ekonomiese en politieke instellings funksioneel is om hierdie doelwit te verwesenlik. Ek is van mening dat dit nie die geval is nie. Daarom beywer ek my ten sterkste vir strukturele veranderings op ekonomiese en op politieke gebied sodat ons kan beweeg in die rigting van 'n stelsel wat wel funksioneel sal wees.

S.J. Terreblanche

10. 7. 81.